



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2015**

**MUSIEK V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 120**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 49 bladsye.

---

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)**

Beantwoord **VRAAG 1**, 2.1 OF 2.2, 3, EN 4.1 OF 4.2.

**VRAAG 1**

Bestudeer die uittreksel uit *Sonate No. 18*, K. 576 deur W.A. Mozart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SONATE NO. 18, K. 576**

W.A. Mozart

**Allegro**

1.1 (a)

1.5

(b)

1.5

1.6

- 1.1 Die tydmaatteken van hierdie uittreksel is weggelaat. Vul die korrekte tydmaatteken in by die blokkie voorsien op die musiekpartituur.

6/8

**1 punt vir die tydmaatteken in die diskantsleutel**

**1 punt vir die tydmaatteken in die bassleutel**

(2)

- 1.2 Wat is die hooftoonsoort van hierdie uittreksel?

D majeur

(1)

- 1.3 Skryf die volgende drieklank, sonder toonsoortteken, in die gevraagde posisie. Gebruik die altsleutel en heelnoot waardes.

G mineur, eerste omkering



**1 punt vir die altsleutel**

**3 punte vir die korrekte note**

(4 ÷ 2)

(2)

- 1.4 Noem die intervalle gemerk (a) en (b), byvoorbeeld (d) Majeur tert/derde.

(a) Volmaakte/Rein 4<sup>de</sup> of kwart

(b) Mineur 2<sup>de</sup> of sekunde

**1 punt elk**

(2)

- 1.5 Transponeer maat 9 tot 11 van die linkerhandparty 'n majeur tweede hoër. Gebruik die gegewe sleutel en onthou om die nuwe toonsoortteken by te voeg.



**1 punt vir die korrekte toonsoortteken (E majeur)**

**½ punt vir elke korrekte noot (6 note x ½ punt = 3 punte)**

(4)

- 1.6 Identifiseer die toonleer wat in maat 14 van die regterhandparty gevorm word.

E harmoniese mineur

(1)

- 1.7 Skryf die Blues toonleer wat begin op F, afgaande, met 'n toonsoortteken. Gebruik die diskantsleutel en heelnote.



1 punt vir die korrekte sleutel (Diskantsleutel)  
1 punt vir die korrekte tydmaatteken (F majeur)  
1 punt vir korrekte rigting (afgaande)  
1 punt vir elke korrekte noot (7 note) (10 ÷ 2) (5)

- 1.8 Vergelyk maat 1 en 2 met maat 5 en 6. Identifiseer die komposisietegniek.

Sekwens

(1)

- 1.9 Gee die Italiaanse term vir elk van die volgende Afrikaanse beskrywings:

1.9.1 Geleidelik sagter: **decrescendo OF diminuendo**

1.9.2 Om 'n noot baie kort te speel: **staccato**

(2)

[20]

## VRAAG 2

## BEANTWOORD VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.

- 2.1 Gebruik die onderstaande openingsmotief om 'n agt-maat melodie in AB-vorm te voltooi vir die instrument van jou keuse. Dui die instrument waarvoor jy skryf aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Moontlike antwoord:**

**Instrument: Fluit OF Klarinet OF Blokfluit OF Viool OF Trompet OF Kitaar**

**Moderato**

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	6	
Akkoordprogressie	7 (1 per maat)	
Dinamiek en artikulasie	4	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	2	
<b>TOTAAL</b>	<b>30 ÷ 2 = 15</b>	

[15]

OF

- 2.2 Gebruik die onderstaande openingsmotief om 'n agt-maat melodie in AB-vorm te voltooi vir die instrument van jou keuse. Dui die instrument waarvoor jy skryf aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Moontlike antwoord:**

**Instrument: Tjello OF Tromboon OF Fagot OF Tuba**

Andante

5

Die melodie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Vorm en kadenspunte	4 (2 + 2)	
Musikaliteit	6	
Akkoordprogressie	7 (1 per maat)	
Dinamiek en artikulasie	4	
Korrekte notasie	7 (1 per maat)	
Instrument en toepaslike omvang	2	
<b>TOTAAL</b>	<b>30 ÷ 2 = 15</b>	

[15]

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer *Dona Nobis Pacem* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DONA NOBIS PACEM**

Traditional Spiritual Song

The musical score is for the hymn "Dona Nobis Pacem" in 2/4 time, key of D major. It features four vocal parts: Soprano, Alto, Tenor, and Bass. The score is divided into two systems. The first system contains measures 1 through 5, and the second system contains measures 6 through 10. Various musical notations are present, including rests, eighth notes, quarter notes, and half notes. Specific parts of the score are labeled with letters in parentheses: (a) and (b) are above the Soprano staff in measures 2 and 3; (g) is above the Tenor staff in measure 5; (e) is below the Bass staff in measure 5; (c) and (d) are above the Soprano staff in measures 7 and 8; (h) is above the Alto staff in measure 9; and (f) is below the Bass staff in measure 10. A bracket labeled (e) also spans measures 9 and 10 under the Bass staff.

3.1 Gee die letternaam vir elk van die volgende tegniese name:

3.1.1	Leitoon: <b>D#</b>
3.1.2	Subdominant: <b>A</b>

(2)

3.2 Besyfer die akkoorde gemerk (a) tot (d), byvoorbeeld C: Ib of I<sup>6</sup> of C/E.

(a)	e: iv <b>OF</b> Am
(b)	e: IV <b>OF</b> C
(c)	e: III <b>OF</b> G
(d)	e: i <sup>6</sup> <b>OF</b> Ib <b>OF</b> Em/G

(4)

3.3 Noem die kadens by (e) en (f). Skryf slegs die naam van die kadens neer, byvoorbeeld onderbroke kadens.

(e)	Onvolmaakte kadens
(f)	Volmaakte kadens

(2)

3.4 Noem die nie-harmonienote gemerk (g) en (h).

(g)	Deurgangsnoot
(h)	Terughouding

(2)

**[10]**



**VRAAG 4****BEANTWOORD VRAAG 4.1 OF 4.2.**

- 4.1 Voltooi die onderstaande vierstemmige harmonisering deur gepaste akkoorde in die gegewe styl te gebruik. Gebruik ten minste EEN nie-harmonienoot in enige van die drie partye wat jy byvoeg.

**Moontlike antwoord:**

**G: I V I I<sup>6</sup> IV I V - <sup>7</sup> I**

Die harmonisasie sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Keuse van akkoorde (8 akkoorde)	8 (Minus ½ punt per fout)	
Nie-harmonienoot	1	
Korrektheid: notasie, stemvoering, verdubbeling en spasiëring	6 (Minus ½ punt per fout)	
<b>TOTAAL</b>	<b>15</b>	

**[15]****OF**

- 4.2 Voltooi *Swing a Blues* deur die leë mate te voltooi. Maak seker dat jy die styl van die gegewe materiaal voortsit.

Moontlike antwoord:

**SWING A BLUES**

**Medium Swing**

Jou antwoord sal volgens die kriteria hieronder nagesien word:

BESKRYWING	PUNTE-TOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNT
Akkoordprogressie: keuse van akkoorde (8 akkoorde)	8 (Minus ½ punt per fout)	
Korrekte notasie, stemvoering en spasiëring (8 akkoorde)	12 (Minus ½ punt per fout)	
Algehele indruk	10	
<b>TOTAAL</b>	<b>30 ÷ 2 = 15</b>	

[15]

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**

Beantwoord die vrae in hierdie afdeling in die spasies wat op die vraestel voorsien is.

**VRAAG 5 (VERPLIGTEND)**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die blokkie voorsien.

5.1 D

5.2 B

5.3 E

5.4 A

5.5 C

5.6 C

5.7 A

5.8 D

5.9 B

5.10 E

(10 x 1) [10]

**BEANTWOORD VRAAG 6.1 ÓF VRAAG 6.2 EN DAN VRAAG 6.3.****VRAAG 6: MUSIEKTEATER, ROCK EN POP, EN MODERNE KONSTRUKTE****WESTERSE KUNSMUSIEK EN JAZZ****6.1 MUSIEKTEATER**

Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n opsomming gee oor die storielyn vir elk van die volgende musiekblyspele:

- *West Side Story*
- *My Fair Lady*

***West Side Story:***

- Dis 'n hedendaagse weergawe van die Shakespeare-verhaal, Romeo en Juliet, teen die agtergrond van die agterbuurte van New York
- Konflik ontstaan tussen twee strydende bendes: die Jets (van Amerika) en die Sharks (emigrante uit Puerto Rico)
- Die leiers van die bendes (Riff van die Jets en Bernardo van die Sharks) spreek 'n tyd en plek af om vir eens en altyd te bepaal wie die beste bende is
- Tony, die vriend van Riff, en Maria, die suster van Bernardo, ontmoet mekaar by 'n sosiale dansparty en raak onmiddellik verlief
- Tony vermoor per ongeluk vir Barnardo tydens die "rumble" toe hy probeer om die geveg te staak
- Later word hy uit wraak deur een van die Sharks geskiet en sterf in Maria se arms

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)*****My Fair Lady:***

- Speel af in 1912 in Londen waar sosiale klasse pas wetlik gelykgestel is
- Die geleerde professor, Henry Higgins, wil 'n eksperiment uitvoer om aan sy vriend en kenner van dialekte in Indië, Kolonel Pickering, te bewys dat hy, Higgins, 'n uitstekende onderwyser is
- Vir hierdie eksperiment kies hy 'n blommeverkoopster, Eliza Doolittle, om by hom te woon en haar dialek Cockney-Engels van die omgewing waar sy woon te transformeer sodat sy die korrekte Engels praat
- Hy transformeer ook haar maniere, klere en sosiale aanvoeling sodat sy kan deurgaan as 'n "upper class lady"
- Hulle gaan na 'n formele dans en Higgins is so ingenome met die sukses van sy eksperiment dat hy Eliza ignoreer en sy toe besluit om eerder sy huis te verlaat om weer 'n blommeverkoopster te word
- Higgins erken sy gevoelens teenoor haar en sy besluit toe om terug te keer na sy huis, maar hul verhouding word doelbewus nie opgelos nie

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)****OF**

## INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK

### 6.2 MUSIEKTEATER

Jy het EEN Inheemse en EEN Moderne styl musiekblyspel bestudeer. Skryf 'n paragraaf waarin jy 'n opsomming gee oor die storielyn van elk.

#### Inheems:

- *Kiba/Mmapadi*
- *Indlamu*
- *Famo*
- *Mxongolo*
- *Tshikona*
- *Tshigombela*

#### Moderne styl:

- *Umabatha – welcome Msomi*
- *Ipintombi*
- *Sarafina*
- *Umoja*
- *African Footprint*

#### Inheemse musiekblyspel (Kies EEN):

##### Kiba/Mmapadi:

- Die woord *Kiba* word in Noord-Sotho gebruik vir 'slaan' en is ook die naam van die grootste trom wat vir hierdie genre gebruik word
- Kiba-musiek word slegs in sommige dele van Suider-Afrika gevind, veral in die Noordelike dele van Suid-Afrika in die Limpopo provinsie
- Kiba-musiek het hoofsaaklik ontstaan as 'n manlike kunsvorm wat deur mans domineer word
- Bestaan uit agt tot tien pypblasers waarvan een die leier (bekend as *malokwane*) en drie tromspelers is
- Tromme word selde deur mans gespeel, aangesien 'n stel tromme deur ten minste drie vrouens gespeel word wat bestaan uit 'n groot trom (*kiba*), 'n medium-grootte trom (*moropa wa diatla*) en twee ongeveer identiese klein tromme (*ditinti*)
- *Mmapadi* is 'n dans-genre vir vrouens van Limpopo

**Enige 4 feite**

**(4 x ½)**

(2)

##### Indlamu:

- *Indlamu* is 'n tradisionele Zoeloe-dans
- Die danser lig sy een voet hoër as sy kop en sit dit hard neer sodat sy voet op die swak pols land
- Twee dansers, geklee in krygsvelle, voer die *indlamu* roetines uit terwyl hul mekaar se bewegings identies naboots
- Staan ook as die Zoeloe oorlogsdans bekend
- Word soms by troues gedans
- *Indlamu* verwys ook na die kort tradisionele rok wat met krale versier word en eie is aan die jong Swazi meisies wanneer hul die *Umhlanga* (Rietdans) dans

**Enige 4 feite**

**(4 x ½)**

(2)

EN

**Famo:**

- Famo is 'n tipe musiek vanaf Lesotho afkomstig
- Bestaan hoofsaaklik uit sang wat deur 'n trekklavier, trom en af en toe 'n bas begelei word
- Ontstaan in die drinkkamers waar die rondtrekkende werkers van Lesotho ontspan het nadat hulle by die myne gedurende die 1920's gewerk het
- Bestaan uit 'n manlike of vroulike sanger en ululasie
- Liedjies verwys soms na die stadslewe en vroulike sangers kan deur middel van sang hul manlike teenhangers uitdaag

**Enige 4 feite****(4 x ½)**

(2)

**Mxongolo:**

- 'n Xitsonga-dans deur ouer mans tydens tradisionele feesvieringe opgevoer
- Begelei deur sang
- Stadige voetstamp word bygevoeg
- Sluit ook lofsang in

**Enige 4 feite****(4 x ½)**

(2)

**Tshikona:**

- *Tshikona* is 'n koninklike dans wat hoofsaaklik deur mans gedans word
- Elke oppermag of hoofman het sy eie *tshikona*-orkes
- Word as die Venda se nasionale musiek/dans beskou
- Word gespeel deur 'n groot groep mense by verskeie geleenthede soos begrafnisse, troues of geestelike seremonies
- Elke speler het 'n pyp wat uit inheemse bamboes gemaak word
- Elke speler speel een noot op 'n keer en word afgewissel sodat 'n melodie gevorm kan word
- Dansers beweeg in 'n sirkel en spring op en af

**Enige 4 feite****(4 x ½)**

(2)

**Tshigombela:**

- Word slegs deur vrouens en dogters van die Venda-stam opgevoer
- Dit is 'n feestelike dans wat terselfdertyd as die *tshikona*-dans (gedans deur mans) opgevoer word
- Die tempo is vinnig en skerp
- Terwyl daar gesing word skop en stamp die dansers hul voete teen die grond
- Klimaks word bereik wanneer die vrouens en dogters die "*u gaya*" doen
- Tshigombela liedere het 'n leier wat die hoofpunte sing terwyl die res as agtergrond beskou word
- Gedurende die tshigombela-dans word heelwat liedere van bespotting gesing

**Enige 4 feite****(4 x ½)**

(2)

**Moderne styl (Kies EEN):****uMabatha**

- Dit is 'n verwerking van Shakespeare se Macbeth in die Zoeloe-kultuur van die vroeë 19<sup>de</sup> eeu, en vertel hoe Mabatha Dingaen verslaan het
- Vertel 'n storie van Shaka die Zoeloe-koning, gulsigheid en verraad
- Stamdanse maak gebruik van Zoeloe-klere en mistiese taal soos in tradisionele gebruike
- Maskers, smeekdanse, geestesbeswering, uittarting en minagting bou die storie van tradisie, towerkuns en rituele
- Speel af in Zoeloeland gedurende die vroeë 19<sup>de</sup> eeu terwyl Shaka en Dingaen die Zoeloe-konings was

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)****Ipintombi:**

- Dit is 'n feesviering van swart Suid-Afrikaanse kultuur deur vrolike danse en musiek van inheemse oorsprong
- Die storie begin in 'n klein dorpie met donderende seremoniële danse in kleurvolle stamklere
- 'n Liefdesverhaal ontwikkel tussen 'n meisie van die dorp en 'n jong man wat by die myne gaan werk het
- Terwyl haar liefde reis vanaf die platteland na die stad verander die stam seremonies in "break dancing", jubelende Suid-Afrikaanse rock en roll asook "gospel"-sang
- Die jeug, wat tussen die dorpie se oorsprong en stedelike versoekings staan, verpersoonlik die essensiële Afrika konflik tussen die antieke en modern wêreld
- Die skouspelagtige troue tussen die seun en sy meisie simboliseer 'n huwelik van stam- en stedelike kulture

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)****Sarafina:**

- Dit beskryf die studente wat betrokke was by die oproering in Soweto teen apartheid wat dieselfde was as op 16 Junie 1976
- 'n Verteller stel verskeie karakters onder andere die skoolmeisie en aktivis, Sarafina bekend
- Dinge ruk hand uit terwyl polisieledes 'n paar leerders by die skool skiet
- Die musiekblyspel eindig met 'n opwindende opvoering deur die leerders wat die skool verlaat en duur meeste van die tweede bedryf

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)**

**Umoja:**

- Vertel die verhaal van Suid-Afrikaanse inheemse musiek – van die vroeë ritmes tot Kwaito
- Vertel die vermaaklike en lewens veranderende storie van 'n groep verarmde Samboeroe vroue in Noord-Kenia wat hul lewens verbeter het deur hul eie vrouegemeenskap en dorpie te stig
- Rebecca Lolosoli, 'n charismatiese kruisvaarder vir vroueregte, bring die vroue saam om 'n dorpie van Umoja (eenheid) op 'n onbesette veld in die droë graslande te vestig
- Die vroue begin hul eie toerisme dorpie, maar het vinnig geklop weens 'n gebrek aan Engelse taalvaardighede en beperkte vaardighede in die maak van juweliersware
- Die manne probeer egter om die toeriste te stop wat by Umoja arriveer en begin om die dorpie daagliks te roof
- Die vroue probeer egter hul bes om die dorpie aan die gang te hou deur dag en nag te werk

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)****African Footprint:**

- Dit is 'n vertoning wat deur kort danstonele bymekaar gehou word wat elk 'n Afrika-kultuur verteenwoordig
- Daar is ook baie tromme wat gespeel word en ballades om die tempo te varieer
- Dit vermeng die hipnotiese hartslag van die Afrika-trom; die opwindende pennefluit; die inspirerende woorde van Don Mattera met Kwêla-jive;
- tradisionele gumboot; "tap"-danse; kontemporêre ballet; en hip-hop pantsula in 'n plotselinge ontploffing van sang en dans

**Enige 4 feite****(4 x ½)****(2)****EN****6.3 ROCK EN POP (VERPLIGTEND)****6.3.1 Gee TWEE eienskappe van rock-musiek.**

- Gebruik van instrumente met klankversterkers (elektriese kitaar, baskitaar), elektriese klavierbord en tromstel
- Sterk pols
- Stemme wat uit 'n 'lead'-sanger bestaan wat die vers van die lied sing en die agtergrondsangers wat saam met die sanger die koorseksies sing
- Maak gebruik van Vers en Koorvorm (ABABCABB)
- Gebruik improvisasie
- 'n Kombinasie van drie ritmiese ostinato's wat op die tromstel gespeel word

**Enige 2 eienskappe****(2)**



6.3.2 Jy is gevra om 'n artikel te skryf oor EEN van die volgende kunstenaars of groepe:

- |                   |                   |
|-------------------|-------------------|
| • David Bowie     | • Salif Keita     |
| • Seal            | • Hugh Masekela   |
| • Spice Girls     | • Mano Debango    |
| • Westlife        | • Fela Kuti       |
| • Boys II Men     | • Miriam Makeba   |
| • Salt-N-Pepa     | • Philip Tabane   |
| • Metallica       | • Jonas Gwangwa   |
| • Michael Jackson | • Letta Mbulu     |
| • Prince          | • Angélique Khijo |
| • U2              | • Baaba Maal      |
|                   | • Oliver Mtukudzi |
|                   | • Thomas Mapfumo  |
|                   | • Khadja Nin      |
|                   | • Caiphus Semenya |

Jou artikel moet die volgende insluit:

- Stylkenmerke van die kunstenaar of groep (3)
- EEN album (1)

**David Bowie:**

**Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Multi-instrumentalis, liedjieskrywer, akteur, regisseur, verwerker, klankingenieur, musiekvideo-regisseur en visuele kunstenaar
- Verruil sy akoestiese kitaarklank wat in *David Bowie* (1967), 'n vermenging van psigedeliese- en lekker luistermusiek, gebruik is met 'n swaar rockagtergrond in *The Man who sold the World* (1970)
- Hy was veral bekend vir sy tweeslagtige voorkoms met rooi hare en uitspattige uitrustings beide op die verhoog en op sy CD-omslae
- *The rise and fall of Ziggy Stardust and the spiders from Mars*-album (1972) tipeer die glam-rock-klank
- *Diamond Dogs* (1974) toon Bowie se ontwikkeling na die soul/disko-musiekgenre
- Sy album *Scary Monsters* is innoverend en het 'n harde rock-klank
- *Blue Jean* het 'n 22 minutelange musiekvideo deur die regisseur Julien Temple en toon Bowie se belangstelling om musiek en drama te kombineer
- *Never Let Me Down* (1987) het 'n harder rock met 'n tikkie dansklanke

**Album: (Enige EEN)**

- *David Bowie* (1967)
- *The man who sold the World* (1970)
- *The rise and fall of Ziggy Stardust and the spiders from Mars* (1972)
- *Diamond Dogs* (1974)
- *Berlin Trilogy* (*Low*, *Heroes* and *Lodger*)
- *Reality* (2003)

(4)



**Seal:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Hy is 'n Britse soul en R&B sanger en liedjieskrywer
- Gedurende die middel 1980's sluit hy aan by 'n Engelse funk-groep, *Push*, en toer saam met hulle na Japan
- Nadat hul toerret na Japan gaan hy na Thailand waar hy in 'n blues-groep sing voordat hy op sy eie na Indië vertrek
- Seal maak sy deurbraak in 1990 saam met 'acid house' (tipe dansmusiek) regisseur Adamski met hul lied *Killer*
- *Killer* bevat 'n mengsel van rock en dans saam met Seal se soul-agtige sangstyl
- Hy werk saam met die Engelse blues kitaarspeler Jeff Beck op die huldeblyk album aan Jimi Hendrix, *Stone Free*
- Seal is veral bekend vir sy dor, soul-agtige en intieme kalmerende stem

**Album: (Enige EEN)**

- *Seal* (1991)
- *Seal II* (1994)
- *Human Being* (1998)
- *Seal IV* (2003)
- *System* (2007)
- *Soul* (2008)
- *Commitment* (2010)
- *Soul 2* (2011)

(4)

**Spice Girls:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Styl is opgewek en aanmoedigend
- Gee vroue van alle ouderdomme 'n gevoel van onafhanklikheid en selfvertroue
- Teikenmark is vroue ongeag hulle ouderdom of ras
- Hulle musiek is lewendig en energiek met ondertone van feminisme
- Hulle musiek is maklik singbaar
- Lirieke gaan oor die liefde en seks en die sterk band tussen vriendinne

**Album: (Enige EEN)**

- *Spice* (1996)
- *Spiceworld* (1997)
- *Forever* (2000)

(4)

**Westlife:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Musiek is maklik om na te luister, energiek en vars
- Hul musiek het aanhang regoor die wêreld
- Hul voeg Ierse klanke tot hul musiek
- Later ontstaan 'n meer individuele styl wat nie net onder die popmusiekbewonderaars gewild is nie, maar ook onder die aanhangers van kontemporêre musiek
- Hul volwasse styl is 'n mengsel van ballades en liedere met 'n middelmatige tempo
- Van hul liedere het ook vinnige tempo's
- Hul sang is altyd passievol en indrukwekkend

**Album: (Enige EEN)**

- *Westlife* (1999)
- *Coast to Coast* (2000)
- *World of Our Own* (2001)
- *Turnaround* (2003)
- *Face to Face* (2005)
- *Back Home* (2007)
- *Gravity* (2010)

(4)

**Boys II Men:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Amerikaanse R&B groep wat veral bekend is vir emosionele ballades en a capella harmonieë in hul musiek
- Was eers 'n kwartet totdat McCary die groep verlaat het en hul toe as 'n trio voortgegaan het
- Hulle gebruik hip-hop ritmes saam met R&B
- Gebruik ook 'hip-hop doo-wop' effekte (klassieke soul vokale styl)
- Vind inspirasie in die groep New Edition vir hul harmonieë en roetines
- Al die lede tree op as soliste en wyk op so manier af van die gewone R&B verwerkings waar slegs een of twee persone liedjies lei met 'n groep agtergrond sangers
- Wanya Morris en Shawn Stockman is beide tenore met Nathan Morris as bariton en Michael McCary as bas
- Genre is bekend as R&B, soul en nuwe *jack-swing*

**Album: (Enige EEN)**

- *Cooleyhighharmony* (1991)
- *II* (1994)
- *Evolution* (1997)
- *Full Circle* (2002)
- *The Remedy* (2006)
- *Love* (2009)
- *Twenty* (2011)
- *Collide* (2014)

(4)

## Salt-N-Pepa

### Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)

- Amerikaanse hip-hop trio van Queens in New York en bestaan uit Cheryl James ("salt"), Sandra Denton ("Pepa") en Deidra Roper ("DJ Spinderella")
- Hulle was een van die eerste hip-hop groepe wat slegs uit vroue bestaan
- Hulle verander die voorkoms van hip-hop deur skraal, sexy klere te dra en hulle was nie bang om oor seks en hul gedagtes oor mans te praat nie

### Album: (Enige EEN)

- *Hot, Cool & Vicious* (1986)
- *A Salt with a Deadly Pepa* (1988)
- *Blacks' Magic* (1990)
- *Very Necessary* (1993)
- *Brand New* (1997)

(4)

## Metallica:

### Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)

- Amerikaanse 'heavy metal' groep wat in Los Angeles ontstaan het
- Beïnvloed deur die vroeë heavy metal en hard rock groepe en kunstenaars soos Queen, Black Sabbath, Deep Purple, AC/DC en Aerosmith
- New Wave of British Heavy Metal bands Venom, Diamond en vroeë punk rock groepe soos die Sex Pistols en die Misfits het ook Metallica se styl beïnvloed
- Liedjies bevat vinnige tempo's, geharmoniseerde solo's en instrumentale dele wat tot nege minute lank is
- Lirieke handel oor persoonlike en sosiale probleme
- Hul nuwe styl was meer eenvoudig en vind meer aanklank by hul hoofondersteuners
- Die groep het besluit om hulle aggressiewe, vinnige tempo's te laat vaar om hul musiek en ekspressiewe omvang te verbreed
- Hulle musiek raak meer alternative rock met 'n nuwe aanslag wat fokus op woede, verlies en vergelding
- Hul musiek van 1997 toon meer invloede van blues en vroeë hard rock met meer ritmes en harmonieë in hul liedjies se strukture
- Hulle stem ook hul kitare na 'n verlaagde C en keer later terug na die gewone E-stemming vir kitaarsolo's

### Album: (Enige EEN)

- *Kill 'Em All* (1983)
- *Ride the Lightning* (1984)
- *Master of Puppets* (1986)
- *...And Justice for All* (1988)
- *Metallica* (1991)
- *Load* (1996)
- *Reload* (1997)
- *St. Anger* (2003)
- *Death Magnetic* (2008)

(4)

**Michael Jackson:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Amerikaanse sanger, liedjieskrywer, plate-regisseur, danser en akteur
- Ook bekend as die '*King of pop*'
- Sy eerste album, *Off the Wall*, bevat 'funky disco-pop', 'smooth soul' en sentimentele popballades
- Sy musiekvideo's, veral dié van *Beat It*, *Billie Jean* en *Thriller*, was bedoel om rassistiese hindernisse te breek en om musiekvideo's te transformeer in 'n kunsvorm en as promosiemiddel
- Hierdie musiekvideo's het gehelp om die televisiekanaal MTV op die been te bring en gewildheid te verwerf
- Sy musiek is afkomstig van R&B, pop en soul
- Jackson het reeds van 'n vroeë ouderdom sy verse onderbreek met 'n skielike uitroep van *oooh*-geluide wat afkomstig is van Diana Ross wat dit heelwat in haar liedere gebruik het
- Michael kon met sy unieke stem enige instrument met oortuiging vervang
- Sy musiek wissel van Motown dans en ballades tot techno en 'house-edged new jack swing' wat beide funk-ritmes en 'hard rock'-kitaar inkorporeer
- Michael was bekend vir sy kenmerkende "moonwalk"-dans, stem-hikke, wit sokkies en sy enkel wit handskoen
- Sy klank, styl, beweging en nalatenskap het baie ander kunstenaars van verskeie genres inspireer

**Album: (Enige EEN)**

- *Got To Be There* (1971)
- *Ben* (1972)
- *Music & Me* (1973)
- *Forever, Michael* (1975)
- *Off the Wall* (1979)
- *Thriller* (1982)
- *Bad* (1987)
- *Dangerous* (1991)
- *Invincible* (2001)

(4)

**Prince:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Amerikaanse sanger en liedjieskrywer, multi-instrumentalis en akteur
- Beroemd as 'n skepper van nuwigheid en is bekend vir sy eklektiese werk, flambojante verhoogpersoonlikheid en wye stemomvang
- Word gesien as die pionier van Minneapolis-musiek deur die vermenging van rock, R&B, soul, funk, hip-hop, disko, psychedelia, jazz en pop
- Hy speel kitaar, baskitaar, klawerbord, tromme, saksofoon, mondfluitjie, Linn-tromme en is 'n fenomenale sanger
- Sy stemomvang wissel tussen falsetto tot bariton en vinnige, flambojante verskuiwing van register sowel as diverse karakterisering

**Album: (Enige EEN)**

- *For You* (1978)
- *Prince* (1979)
- *Purple Rain* (1984)
- *Around the World in a Day* (1985)
- *Batman* (1989)
- *Love Symbol Album* (1992)
- *Crystal Ball* (1998)
- *N.E.W.S* (2003)
- *Musicology* (2004)
- *Planet Earth* (2007)
- *20Ten* (2010)
- *Art Official Age* (2014)

(4)

**U2:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Ierse rock-groep van Dublin afkomstig en bestaan uit vier lede (Bono, The Edge, Adam Clayton en Larry Mullen, Jr.)
- U2 se vroeë klank was afkomstig van post-punk, maar het uiteindelik ontwikkel deur die invloede van baie populêre genres
- Hulle klank word volhou deur die gereelde gebruik van melodiese instrumentale dele
- Hul lirieke, wat soms van geestelike beeldmateriaal gebruik maak, fokus op persoonlike temas en sosio-politieke belange
- *The Edge* maak gereeld gebruik van ritmiese eggo's en het 'n kenmerkende vertragende effek in sy kitaarklank wat gepaard gaan met 'n Ierse dreun wat teen sy gesinkopeerde melodieë gespeel word om 'n omringende, klokkerige klank voort te bring
- Bono is bekend vir sy falsetto operastem
- Hulle maak gebruik van sintetiseerders, distorsie en elektroniese polse wat van alternatiewe rock, industrie-musiek, dans en hip-hop afkomstig is
- Gedurende 2000 het U2 na 'n meer gestroopte klank teruggekeer met meer onkonvensionele ritmes en minder gebruik van sintetiseerders en effekte

**Album: (Enige EEN)**

- *Boy* (1980)
- *October* (1981)
- *The Joshua Tree* (1987)
- *Achtung Baby* (1991)
- *Zooropa* (1993)
- *Pop* (1997)
- *No Line on the Horizon* (2009)
- *Songs of Innocence* (2014)

(4)

**Salif Keita:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Afro-popsanger en liedjieskrywer van Mali
- Sy musiek is 'n mengsel van tradisionele Wes-Afrika musiekstyle met invloede van beide Europa en Amerika
- Instrumente wat gereeld in sy werke gebruik word sluit onder andere balafons, djembes, kitare, kora's, orrels, saksofone en sintetiseerders in
- Keita se album *La Différence* was opgedra aan die stryd teen die albino-gemeenskap vir wie Keita sy hele lewe lank voor veg

**Album: (Enige EEN)**

- *Seydou Bathili* (1982)
- *Soro* (1987)
- *Ko-Yan* (1989)
- *Folon* (1995)
- *Rail Band* (1996)
- *Mama* (2000)
- *La Différence* (2009)
- *Talé* (2012)

(4)

**Hugh Masekela:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Begin op 'n vroeë ouderdom sing en klavier speel
- Was grotendeels beïnvloed deur die rolprent, *Young man with a horn*, waarin Kirk Douglas die rol van 'n Amerikaanse jazz-trompetspeler vertolk het
- Hy het grootgeword tussen straatliedjies, kerkliedjies, liedjies van trekarbeiders, liedjies wat politieke protes aanteken en die klank van die breë spektrum van die etniese kulture van ons land
- Later het hy die stedelike klanke van die townships en die invloede van die Manhattan Brothers, Dorothy Masuka, Ladysmith Black Mambazo en Miriam Makeba leer ken
- Die anti-apartheidsbeweging het 'n groot invloed op sy lewe gehad
- Hy komponeer jazz, funk, R&B, pop en tradisionele Afrika-style

**Album: (Enige EEN)**

- *Trumpet Africaine* (1962)
- *Home is where the music is* (1972)
- *Home* (1981)
- *Tomorrow* (1987)
- *Stimela* (1994)
- *Notes of Life* (1995)
- *Sixty* (2000)
- *Hope* (2003)
- *Revival* (2005)
- *Phola* (2009)
- *We are One* (2011)
- *Playing @ Work* (2012)

(4)



**Mano Debango:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Hy is 'n saksofoon- en vibrafoonspeler van Kameroen
- Hy ontwikkel sy eie musiekstyl deur jazz, funk en tradisionele Kameroen-musiek te meng
- Gedurende sy kinderjare woon hy elke aand geestelike klasse in hul Protestante kerk by waar hy ook musiek studeer het
- Sy lied, *Soul Makossa*, beïnvloed 'n hele paar gewilde musiektreffer soos Michael Jackson se "*Wanne Be Startin' Somethin'*", sy heropname van dieselfde lied met Akon, die Fugees se "*Cowboys*" en Rihanna se "*Don't Stop the Music*"

**Album: (Enige EEN)**

- *Manu Dibango* (1968)
- *Saxy-Party* (1969)
- *Soul Makossa* (1972)
- *African Voodoo* (1972)
- *Blue Elephant* (1973)
- *Bao Bao* (1992)
- *Kamer Feelin'* (2001)
- *Africa Boogie* (2013)

(4)

**Fela Kuti:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Multi-instrumentalis, musikant, komponis, pionier van die Afrobeat-musiekgenre, menseregte aktivis en politikus afkomstig van Nigerië
- Sy Afrobeat-styl is 'n komplekse mengsel van Jazz, Funk, die hoë lewe van Ghana/Nigerië, psigiese rock en tradisionele Wes-Afrika koraal en ritmes
- Afrobeat word gekenmerk deur 'n groot groep instrumente, stemme en musikale strukture van jazz en lugtige funky horingseksies
- 'n "Endless groove" riff-patroon word gebruik wat bestaan uit 'n basis van ritmiese tromme, shekere, gedempte Wes-Afrika kitaarmusiek en melodiese baskitaar riffs wat regdeur 'n lied herhaal word
- Melodiese en ritmiese riffs wat in mekaar gespeel word, word een vir een introduceer om sodoende die '*groove*' stuk-vir-stuk en in lae op te bou
- Die horingseksie word dan meer prominent en stel ander riffs en hooftemas voor
- Fela se orkes sluit ook in twee baritonsaksofone, twee basse en twee of meer kitaarspelers
- Fela se musiek sluit onder andere elemente van roep-en-antwoord patrone in wat in die refrein gebruik word en figuurlike, maar eenvoudige lirieke
- Sy liedjies was lank en duur omtrent 10 tot 15 minute, met sommige liedjies wat tot 20 of selfs 30 minute duur
- Sy liedjies word meestal in Nigeriese 'pidgin' Engels, hoewel hy ook 'n paar van sy liedjies in die Yoruba-taal sing
- Fela se hoofinstrumente sluit in die saksofoon, klavierbord, trompet, elektriese kitaar en soms tromsolo's

**Album: (Enige EEN)**

- *Fela's London Scene* (1971)
- *Live!* (1971)
- *Confusion* (1975)
- *Zombie* (1977)
- *Shuffering and Shmiling* (1978)
- *Unknown Soldier* (1981)
- *Beasts of No Nation* (1989)
- *The Best Best of fela Kuti* (1999)

(4)

**Miriam Makeba:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Bekend as 'Mama Africa'
- Was reeds van 'n vroeë ouderdom beïnvloed deur Xhosa- en Zoeloe-liedere wat gekenmerk word deur baie tongklapklanke
- Sy was lief vir Amerikaanse jazz en veral die vertolkings van Ella Fitzgerald
- Haar musiek is vreugdevol, positief en saggesproke, maar met 'n ernstige politieke boodskap
- Sy word gesien as 'n pionier wat style soos blues, gospel, kontemporêre jazz, folk en tradisionele Xhosa-liedere laat saamsmelt het om '*world music*' te vorm
- Haar repertoire sluit onder andere in Engelse ballades, Portugese fado's, Brasiliaanse bossa novas, Hebreeuse en Jidiese melodieë, chans uit Haïti en ander folk- en populêre style van oor die wêreld heen

**Album: (Enige EEN)**

- *Miriam Makeba* (1960)
- *Makeba Sings!* (1965)
- *An Evening with Belafonte/Makeba* (1965)
- *Pata Pata* (1967)
- *Country Girls* (1978)
- *Sing Me a Song* (1993)
- *Homeland* (2000)
- *Reflecting* (2004)

(4)

**Philip Tabane:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Een van Suid-Afrika se oudste en mees gerespekteerde en skeppende jazz-kitaarspeler en orkesleier
- Hy is ook 'n mentor vir diegene wat deel is van sy perkussie-gebaseerde agtergrond orkes Malombe
- Maak gebruik van onkonvensionele instrumentasie: Afrika tromme en hand perkussie, wisselwerking met Tabane se unieke kitaar, stem en fluit klanke

**Album: (Enige EEN)**

- *The Indigenous Afro-Jazz sounds* (1969)
- *Malombo* (1988)
- *Ke A Bereka* (1996)

(4)

**Jonas Gwangwa:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Jazz tromboonspeler van Suid-Afrika
- Het eers vir The Jazz Epistles tromboon gespeel, maar het later, nadat die groep opgebreek het, op sy solo-loopbaan gefokus
- Later komponeer hy musiek vir rolprente soos *Cry Freedom*
- In 1991 keer hy terug na Suid-Afrika en in 1997 komponeer hy die temalied vir die Olimpiese bod

**Album: (Enige EEN)**

- *Cry Freedom* (1987)
- *Flowers of the Nation* (1993)
- *A Temporary Inconvenience* (1999)

(4)

**Letta Mbulu:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Suid-Afrikaanse jazz-sanger wat in Soweto gebore en grootgeword het
- Haar stem het 'n mooie klank wat van binne na buite straal en resoneer en 'n gevoel van vreugde van lewe weerspieël en meestal 'n gevoel van hoop en geluk opkikker
- Haar stem bereik ook genade deur ware passie en is musikaal soos min stemme is

**Album: (Enige EEN)**

- *Letta Mbulu Sings* (1967)
- *Free Soul* (1968)
- *Letta* (1970)
- *There's Music in the Air* (1976)
- *Letta Mbulu – Sweet juju* (1985)
- *The Best of Letta & Caiphus* (1996)
- *Letta Mbulu Sings/Free Soul* (2005)
- *Culani Nami* (2007)

(4)

**Angélique Khijo:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Sanger, liedjieskrywer en aktivis van Benin
- Musikale invloede sluit in Afropop, Karibiese zouk, Kongolese rumba, jazz, gospel en Latynse style
- As kind het sy opgekyk na Bella Bellow, James Brown, Nina Simone, Jimi Hendrix, Miriam Makeba en Carlos Santana
- Sy sing in Fon, Frans, Yorùbá, Engels en Swahili
- Kidjo maak ook gebruik van Benin se tradisionele Zilin vokale tegnieke en jazz uitsprake
- Teen die ouderdom van 6 jaar tree Kidjo saam met haar ma se teatergroep op en het reeds van toe af groot waardering vir tradisionele musiek en dans gekry

**Album: (Enige EEN)**

- *Pretty* (1981)
- *Ewa Ka Djo* (1985)
- *Parakou* (1990)
- *Fifa* (1996)
- *Black Ivory Soul* (2002)
- *Djin Djin* (2007)
- *Eve* (2014)

(4)

**Baaba Maal:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Senegalese sanger, perkussie-instrumentalis en kitaarspeler van Podor
- Hy sing hoofsaaklik in Pulaar en is die voorganger van die tradisies van die Pulaar-sprekende mense wat aan beide kante van die Senegal-rivier bly in die antieke Senegalese koninkryk van Futa Tooro
- Was beïnvloed deur sy jare-lange vriend, Mansour Seck, die blinde kitaarspeler by wie hy musiek studeer het
- Hy studeer ook musiek aan die universiteit van Dakar en voltooi sy nagraadse studies deur middel van 'n beurs by die Beaux-Arts in Parys
- Na sy terugkeer van Parys studeer Baaba tradisionele musiek met Mansour Seck en begin hy saam met die orkes, *Daande Lenol*, optree
- Hy meng raga, salsa en Breton harpmusiek om 'n gewilde klank te produseer wat die loopbaan van *Positive Black Soul* begin het asook die vorming van die Afro-Celt Klanksisteem

**Album: (Enige EEN)**

- *Djam Leelii* (1989)
- *Baayo* (1991)
- *Wango* (1994)
- *Taara* (1997)
- *Nomad Soul* (1998)
- *Jombaajo* (2000)
- *On the Road* (2008)
- *Television* (2009)

(4)

**Oliver Mtukudzi:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Musikant, sakeman, mensevriend, menseregte aktivis en ambassadeur vir UNICEF Goodwill van die Suider-Afrika Streek van Zimbabwe
- Begin in 1977 optree saam met die orkes Wagon Wheels wat ook Thomas Mapfumo ingesluit het
- Mtukudzi dra ook by tot Mahube, Suider-Afrika se “supergroup”
- Hy het ’n dor stem en het een van die mees herkenbare stemme wat van Zimbabwe afkomstig is en op internasionale vlak
- Hy sing hoofsaaklik in Shona-taal saam met Ndebele en Engels
- Hy sluit ook in elemente van verskillende musiektradisies om sy eie kenmerkende styl te vorm, bekend as Tuku Musiek

**Album: (Enige EEN)**

- *Shanje* (1981)
- *Nzara* (1983)
- *Mhaka* (1985)
- *Suger Pie* (1988)
- *Chikonzi* (1990)
- *Son of Africa* (1993)
- *Was My Child* (1995)
- *Tuku Music* (1999)
- *Shanda soundtrack* (2002)
- *Sarawoga* (2012)
- *Mukombe Wemvura* (2014)

(4)

**Thomas Mapfumo:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Musikant van Zimbabwe afkomstig en bekend as ‘Die Leeu van Zimbabwe’ en ‘Mukanya’ weens sy enorme gewildheid en die invloed wat sy musiek op politieke gebied het
- Hy het Chimurenga-musiek geskep en gewild gemaak en sy stadige beweging-styl en kenmerkende stem is onmiddellik uitkenbaar onder die Zimbabweërs.  
Hy was reeds van ’n vroeë ouderdom aan tradisionele Shona-musiek blootgestel wat hy later in sy eie musiek gebruik het met die ngoma-trom en die mbira
- Hy het meestal bekende liedjies gedoen van Amerikaanse rock en soul-deuntjies soos van Otis Redding en Elvis Presley totdat hy in die Hallelujah Chicken Run-orkester beland het, waar hy tradisionele Shona-musiek aangeneem het en met moderne rock-instrumentasie vermeng het
- Hy het saam met die kitaarspeler, Joshua Dube, gewerk om die klanke wat deur die hoofinstrument van Shona-musiek verkry word, die mbira, oor te skryf vir elektriese kitaar
- Hy sing hoofsaaklik in die Shona-taal eerder as in Engels
- Die meerderheid van sy liedjies handel oor politieke en sosiale probleme van Zimbabwe

**Album: (Enige EEN)**

- *Zimbabwe Mozambique* (1988)
- *Shumba* (1990)
- *Corruption* (1990)
- *Chamunorwa* (1991)
- *Ndangariro* (1991)
- *Hondo* (1993)
- *Vanhu Vatemala* (1994)
- *Chimurenga Movement* (1997)

(4)

**Khadja Nin:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Boerandese sanger en musikant
- Sy studeer musiek reeds van 'n vroeë ouderdom soos meeste van haar broers en susters
- Sy het 'n uitsonderlike stem en was reeds op die ouderdom van sewe jaar oud een van die hoofsangers in die Bujumbura-koor
- Sy maak haar deurbraak in 1996 met haar gewilde album *Sambolera* wat in Swahili, Kirundi en Frans gesing is
- Sy maak suksesvol gebruik van 'n mengsel van Afrika-ritmes en modern pop om haar eie unieke musiek te vorm

**Album: (Enige EEN)**

- *Khadja Nin* (1992)
- *Ya Pili* (1994)
- *Sambolera* (1996)
- *Ya...* (1998)

(4)

**Caiphus Semenya:****Stylkenmerke: (Enige 3 stylkenmerke)**

- Een van Suid-Afrika vooraanstaande musiekregisseurs en komponiste wat onlangs die musiek vir SABC televisiereekse *Molo Fish*, *Vicious Circle* en *Gaba Mootho* geskryf het
- Hy verlaat Suid-Afrika gedurende die 1960's en werk saam met Hugh Masekela, Jonas Gwanga, Hotep Galeta en Miriam Makeba terwyl hy in ballingskap was
- Hy vertrek later na Los Angeles waar hy saam met die beste jazz en Amerikaanse pop-kunstenaars en regisseurs gewerk het
- Hy werk saam met Quincy Jones en verskaf Afrika-komposisies vir die musiek van "*Roots*" (albei dele) en Steven Spielberg se bewerking van "*The Color Purple*"
- Hy werk ook later aan die musiek vir Disney se "*The Lion King*"

**Album: (Enige EEN)**

- *Woman Got a Right to Be* (1996)
- *One Night: Live in Concert*
- *Listen to the Wind*

(4)

[10]

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE IN AFDELING C:

- WESTERSE KUNSMUSIEK (VRAAG 7, 8 EN 9)
- JAZZ (VRAAG 10, 11 EN 12)
- INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (VRAAG 13, 14 EN 15)

## WESTERSE KUNSMUSIEK

## VRAAG 7

7.1 Definieer die volgende Twintigste Eeuse terme:

7.1.1 Neo-Klassisisme

20<sup>ste</sup>-eeuse musiekbeweging wat in opstand gekom het teen die **sappige, emosionele en chromatiese musiek** wat teen die einde van die 19<sup>de</sup> eeu en die begin van die 20<sup>ste</sup> eeu gekomponeer is.

(2)

7.1.2 Politonaleiteit

Wanneer twee toonaarde terselfdertyd gespeel word.

(1)

7.2 Claude Debussy: *Voiles*

7.2.1 Noem die Franse skilderstyl wat met Debussy se musiek geassosieer word.

Impressionisme

(1)

7.2.2 Hoekom het Debussy die volgende in *Voiles* gebruik?

7.2.2.1 Heeltoon toonleer

Om die **ligte skommeling van seile** te suggereer.

(1)

7.2.2.2 Die klavier se regterpedaal

Om langsame vibrasies te skep om 'n **mistige atmosfeer** te suggereer.

(1)

7.3 Igor Stravinsky: *The Rite of Spring*

7.3.1 Watter instrument speel die melodie aan die begin van *The Rite of Spring*?

Fagot

(1)

7.3.2 Beskryf hoe Stravinsky die volgende elemente in *The Rite of Spring* gebruik het.

**Melodie:**

- **Volksagtige melodieë in noue ligging**
- Gebruik fragmente wat herhaal (**sekwense van kort motiewe**) met enkele veranderinge in ritme en toonhoogte

(2)

**Instrumente:**

- Gebruik subtiele instrumentale toonkleur
- Onkonvensionele groepering van instrumente word gebruik
- Volle orkes (tutti) in die laaste deel van die werk illustreer brute krag

(2)

7.4 **George Gershwin: *Rhapsody in Blue***

Die titel verwys na twee musikale aspekte: Rhapsody en Blues. Gee die betekenis van beide aspekte deur te verwys na die struktuur en temas wat in hierdie werk voorkom.

- Die titel beeld die musiek se **vry**, en **fantasie-agtige blueskarakter** uit
- Rhapsody suggereer 'n **vry geïmproviseerde vorm**, maar die struktuur, net soos 'n klavierkonsert, is gebaseer op **kontrasterende temas** wat deur die orkes of klavier aangekondig word
- Die hooftoonsoort is B<sup>b</sup> majeur (Tema A); Tema B is in E<sup>b</sup> majeur; Tema C is in A<sup>b</sup> majeur; Tema D is in C majeur
- Dis 'n **werk in een beweging** en bestaan uit **drie hoofseksies** en 'n **coda**
- Ten minste **een uitgebreide klaviersolo** met **gevarieerde herhalings van die hooftema** gekombineer met briljante passasies kom in elke seksie voor
- Die **blues-toonleer** word in al die temas gebruik wat **verlaagde sewendes** en 'n **mengsel van majeur- en mineurderdes** insluit

**Enige 4 feite**

[4]

[15]

EN



**VRAAG 8**

Kies EEN van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste en beskryf kortliks die musiekeienskappe en komposisiestyl oor die komponis.

8.1 *Mzilikazi Khumalo*

8.2 *Péter Louis van Dijk*

8.3 *SJ Khosa*

8.4 *BB Myataza*

8.5 *Arnold van Wyk*

8.6 *Peter Klatzow*

8.7 *MM Moerane*

8.8 *Hubert du Plessis*

8.9 *LP Mohapeloa*

8.1 **Mzilikazi Khumalo:**

- Hy komponeer hoofsaaklik koormusiek
- Hy toonset baie gedigte van B.W. Vilakazi
- Sy epiese werk, *UShaka KaSenzangakhona*, kombineer Zoeloegedigte en -liedere met die instrumentale en orkestrale tradisies van Europa
- Hy werk met baie oorsese kore en komponiste met die doel om Afrikatemas en koortradisies aan hulle oord te dra

**Enige 5 feite**

(5)

8.2 **Péter Louis van Dijk:**

- Hy is vaardig in verskeie instrumente wat kitaar, viool, tjello, klavier, trekklavier, blokfluit, tromboon en perkussie insluit
- Hy word dikwels opdrag gegee om werke vir spesiale geleenthede te komponeer
- Sy komposisies verteenwoordig 'n groot verskeidenheid genres onder andere balletmusiek, musiek vir koor en orkes, musiek vir die jeug (*Selfish Giant*, *The Musicians of Bremen*, *Youth Requiem*) en
- verskeie werke wat deur die San-kultuur geïnspireer is (*San Gloria*, *San Chronicle*, *The Rain People*)
- Hy is aktief as komponis, voordraer, onderwyser en dirigent (beide radio en televisie)
- Hy komponeer sy eerste opera in 1973 en 'n tweede opera in Afrikaans wat twee jaar later opgevoer was

**Enige 5 feite**

(5)

8.3 **SJ Khosa:**

- Hy is 'n Tsonga-komponis en
- koorleier
- Khosa het meer as 400 liederes voltooi waarvan ongeveer 80 verwerkings van tradisionele en volksliederes is
- In 1990 is 'n versameling kinderliederes in Tsonga en Engels gepubliseer en in 2004 'n liedboek met die titel *Ndzhaka ya tinsimu* – wat erfenisliederes is
- In 2003 is hy deur SARRAL aangewys as die liedkomponis van die jaar vir sy bydrae tot koormusiek in Suid-Afrika

**Enige 5 feite**

(5)

8.4 **BB Myataza:**

- Koorleier en
- komponis wat tot 'n groot mate self opgelei is
- Die gereelde huisgodsdienstaande in sy ouerhuis het sy liefde vir musiek aangevuur
- Hy skryf hoofsaaklik komposisies vir kore wat dikwels in koorkompetisies en feeste gehoor word
- Hy verwerk soms bestaande Xhosa-liederes wat hy in sy komposisies gebruik

**Enige 5 feite**

(5)

8.5 **Arnold van Wyk:**

- Sy styl is basies tonaal met fyn aanvoeling vir 'n chromatiese verryking en die gebruik van losstaande akkoorde
- Sy styl is hoogs individueel en opvallend vry van invloede van buite
- Sy komposisies word gelei deur die melodie wat dikwels met die gebruik van chromatiese note verander en deur dissonante spronge gekenmerk word
- Ritmes is ongekompliseerd en 'n gevoel van improvisasie word geskep
- 'n Opvallende kenmerk is sy fyn aanvoeling vir die stem en gebruik van 'n ryk verskeidenheid klankkleure in die orkes

**Enige 5 feite**

(5)

8.6 **Peter Klatzow:**

- Hy komponeer 'n wye spektrum van werke
- van vokaal en solo-instrumente
- tot grootskaalse orkeswerke
- Hy was 'n dosent in Klavier, Harmonie en Komposisie
- Van sy grootste werke sluit in 'n volledige ballet gebaseer op Hamlet waarvoor hy 'n spesiale Nederburg-toekenning ontvang het
- Sy onlangse styl toon 'n terugkeer na 'n meer tonale idioom wat veral gehoor kan word in '*Prayers and Dances of Praise from Africa*'

**Enige 5 feite**

(5)

8.7 **MM Moerane:**

- Musiek word gebaseer op Sotho-volkmusiek,
- maar sluit ook tradisionele Westerse elemente in
- *My Country* is gebaseer op die volgende liederes: 'n lied deur 'n soldaat, 'n oeslied, 'n aangepaste wiegelied en 'n lied van 'n pryslied
- Moerane was 'n pianis en koorleier

**Enige 5 feite**

(5)

8.8 **Hubert du Plessis:**

- Hubert is 'n veelsydige en interessante komponis met 'n uitstekende komposisie-techniek in alle genres
- Hoewel hy die dissipline van toonrye in sommige werke toegepas het en sy werke oor die algemeen modern klink, is daar steeds 'n verband met tradisie, eerder as 'n wegbreek daarvan
- Sy werke word gekenmerk deur persoonlike emosie
- Die klankeffekte het 'n duidelike vokale benadering
- Die vorm van sy werke toon selfbeheersing en 'n vrye toepassing van kontrapuntale tegnieke
- In sy latere werke het hy begin om Afrikaanse volkmusiek deel van sy werke te maak

**Enige 5 feite**

(5)

8.9 **LP Mohapeloa:**

- Sy musiek, hetsy geestelik of sekulêr, is oor die jare deur beide volwasse en jeugkore in konserte en kompetisies gesing en geniet
- Mohapeloa het 'n betekenisvolle bydrae tot Afrika-kultuur in die algemeen gelewer, veral tot die Sesotho-kultuur
- Hy het moeite gedoen om die Afrika-element in sy liederes tot uiting te laat kom
- Dit was vir hom uiters belangrik om gesproke en geskrewe Sesotho te gebruik
- Sy liederes was meestal in solfanotasie geskryf

**Enige 5 feite**

(5)

EN

**VRAAG 9**

Skryf 'n opstel oor EEN van die volgende Romantiese werke:

- 9.1 Schubert – *Der Erlkönig*
- 9.2 Chopin – *Polonaise in A-mol majeur, Op. 53*
- 9.3 Mendelssohn – *Violkonsert in E mineur, eerste beweging*
- 9.4 Tchaikovsky – *Romeo en Juliet ballet-suite*

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Noem die genre van die werk (1)
- Vorm en struktuur (4)
- Instrumentasie en eienskappe oor die werk (5)

**Schubert – *Der Erlkönig*:**

**Genre:** Kunslied **1 punt**

**Vorm en struktuur:** **4 punte**

- **Deurgekomponeerde lied** met nuwe musiek vir elke lyn van die teks
- Hoewel melodiese motiewe herhaal word, **verander die harmoniese struktuur gereeld en moduleer die stuk vir elke karakter**
- Gereelde modulاسies word aangetref hoewel **elke karakter verander van majeur en mineur toonaarde** (die verteller begin in die mineur toonaard; die pa sing in beide mineur en majeur toonaarde; die seun sing in die mineur toonaard; die Erlkoning sing in 'n verskeidenheid toonaarde)

**Instrumentasie en eienskappe:** **5 punte**

- Geskryf vir klavier en tenoor
- Al vier karakters – verteller, pa, seun en die Erlkoning – word gewoonlik deur 'n enkele solis gesing, met elke karakter in 'n nuwe stemomvang en elke met hul eie ritmiese nuanses
- Die vyfde karakter, die perd, word deur die klavier se vinnige trioolpatrone geskets wat die galoprintes naboots
- Die verteller sing in die middelste omvang
- Die pa het 'n laer omvang en het langer nootwaardes wat 'n meer kalm en vertroostende gemoed suggereer wanneer hy sy seun se vrae beantwoord
- Die seun sing in 'n hoër register met vinniger ritmes wat sy angste weergee
- Die Erlkoning se musiek is eenvoudig en vrolik
- Wanneer die Erlkoning se stem gehoor word, verander die begeleiding na 'n um-pah-pah ritme en moduleer wanneer hy sê "I love you, your beautiful figure delights me!"

**Enige 5 eienskappe**

(10)

**Chopin – Polonaise in A mol majeur, Op. 53:**

<b>Genre:</b> Karakterstuk	<b>1 punt</b>
<b>Vorm en struktuur:</b>	<b>4 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Drieledige vorm (ABA)</b> met 'n inleiding en koda</li> <li>• Die <b>eerste tema</b> is soos 'n dans en in die <b>tonika toonsoort</b> (A-mol majeur)</li> <li>• Die <b>tweede tema</b> is in <b>E majeur</b></li> <li>• Die <b>koda</b> is <b>gebaseer op die hooftema van afdeling A</b> en eindig met 'n majestueuse onortodokse harmoniese progressie</li> </ul>	
<b>Instrumentasie en eienskappe:</b>	<b>5 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Poolse dans in drieledige vorm met 'n majestueuse karakter</li> <li>• Die polonaise toon baie aspekte wat die klaviertegniek ten toon stel: chromatiese rein vierdes wat vinnig opgaande beweeg; vinnige oktaaf toonlere; trillers op die swak vingers; vinnige arpeggio's; akkoorde met wye vingerstrekking; gebruik 'n groot omvang van die klavier</li> <li>• Die inleiding sluit in vinnige chromatiese note wat opgaande in beide hande beweeg om die stemming van die stuk te skep</li> <li>• Die eerste tema het die linkerhand wat in oktawe beweeg en herhaal 'n oktaaf hoër met kort trillers wat die hoorbare gapings in die tema vul</li> <li>• 'n Marstema word gevolg na die tweede tema met gereelde modulاسies voordat die hooftema herhaal word</li> <li>• Die eerste tema word harder en meer dramaties gespeel en eindig met 'n coda wat materiaal insluit van die hooftema</li> </ul>	
<b>Enige 5 eienskappe</b>	

(10)

**Mendelssohn - Violkonsert in E mineur, eerste beweging:**

<b>Genre:</b> Concerto	<b>1 punt</b>
<b>Vorm en struktuur:</b>	<b>4 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Drie bewegings</b></li> <li>• Die <b>eerste en derde beweging</b> is in <b>sonate-vorm</b></li> <li>• In plaas daarvan dat die eerste tema met die orkes begin, <b>begin Mendelssohn hierdie concerto met die solis (viool)</b>, hoog bo die orkes se begeleiding</li> <li>• Die <b>cadenza word nou aan die einde van die ontwikkeling gehoor</b> eerder as aan die einde van die heruiteensetting</li> </ul>	
<b>Instrumentasie en eienskappe:</b>	<b>5 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Begin met die viool solo met orkestrale begeleiding waarna die orkes die melodie verder uitbrei</li> <li>• Die melodie wat daarna gehoor word, vorm die brug</li> <li>• Die meer kalm tweede tema word deur die houtblaasinstrumente gespeel met die solis wat begelei op 'n lang noot wat op die oop G-snaar gespeel word</li> <li>• Die viool speel dan die tweede tema met houtblaasbegeleiding</li> <li>• Die heruiteensetting word saggies deur die orkes gespeel terwyl die viool vinnige arpeggio's speel</li> </ul>	
<b>Enige 5 eienskappe</b>	

**Tchaikovsky – *Romeo en Juliet* ballet-suite:**

<b>Genre:</b> Konsert-Ouverture	<b>1 punt</b>
<b>Vorm en struktuur:</b>	<b>4 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"><li>• <b>Stadige inleiding</b> (die lied van die priester Lawrence) gevolg deur 'n <b>vinnige beweging in sonate-vorm</b></li><li>• Eindig met 'n <b>koda</b></li><li>• Word ook 'n <b>ouverture-fantasie</b> genoem om aan te dui dat die vorm vrylik hanteer is</li></ul>	
<b>Instrumentasie en eienskappe:</b>	<b>5 punte</b>
<ul style="list-style-type: none"><li>• Inleiding begin met 'n ernstige, koraalagtige melodie (Friar Laurence tema) in die lae klarinette en fagotte</li><li>• Later word pizzicato in viole bygevoeg</li><li>• Strykers en houtblaasinstrumente help om 'n groot crescendo te maak terwyl die musiek vinniger word en 'n timpani rol wat die musiek weer sagter laat gaan totdat 'n crescendo lei na die eerste tema van die vinnige beweging</li><li>• Die geveg tussen die Montagues en Capulets word deur die eerste tema in die allegro deel deur die volle orkes uitgebeeld</li><li>• Die tweede tema word deur die Engelse horing gespeel</li><li>• Die tweede tema (liefdestema) word later deur die hobo en strykers gespeel</li><li>• Die liefdestema verander in 'n dodemars</li><li>• Die werk eindig met twee besliste akkoorde</li></ul>	
<b>Enige 5 eienskappe</b>	

(10)

OF

**JAZZ****VRAAG 10**

- 10.1 Pas die Jazz-styl in KOLOM A met die korrekte beskrywing in KOLOM B.  
Skryf slegs die letter (A–D) in die gegewe ruimte op die vraestel, byvoorbeeld 10.1.5 E.

<b>KOLOM A (JAZZ-STYL)</b>		<b>KOLOM B (BESKRYWING)</b>	
10.1.1	Modale Jazz	A	vinnige jazz met gevorderde harmonieë
10.1.2	Hard-Bop	B	ontwikkel uit bebop en gebruik uitgebreide verwerkings
10.1.3	Cool Jazz	C	harmonie is gebaseer uit sekere note van 'n gegewe modus
10.1.4	Bebop	D	uitbreiding van bebop wat blues- en gospel-musiek insluit

**ANTWOORDE:**

10.1.1 C  
10.1.2 D  
10.1.3 B  
10.1.4 A

(4)

- 10.2 Noem VIER verskille tussen Hard-Bop en Bebop.

- Hard-Bop is eenvoudiger
- Hard-Bop het minder variasie in begeleidings-patrone
- Hard-Bop het minder populêre melodiese akkoordprogressies
- Hard-Bop is donkerder en swaarder in toonkwaliteit
- Hard-Bop lê meer klem op swing-ritmes
- Hard-Bop het harder trom speel

**Enige 4**

(4)

**10.3 Cool Jazz**

- 10.3.1 Wat beteken die woord 'cool' in hierdie jazz-styl?

Om 'n meer kalm en ontspanne benadering vir die styl aan te dui

(1)

- 10.3.2 Noem EEN kunstenaar van Cool Jazz met EEN verteenwoordigende werk.

Miles Davis – *Birth of Cool* (1950)  
Chet Baker – *New Morning Blues*  
Gerry Mulligan – *Walking Shoes*  
Lee Konitz – *Sub-conscious-Lee*

**Enige EEN kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk**

(2)

## 10.4 Modale Jazz

10.4.1 Lys die harmoniese kenmerke van Modale Jazz-musiek.

- Stadige harmoniese ritme met 'n enkele akkoord wat vir sestien mate kan herhaal
- As gevolg van lang aangehoude akkoordherhaling verloor die akkoord die gevoel van oplossing
- Pedaalpunt of dreunbas word dikwels gebruik
- Gebruik eerder musikale modusse as 'n basiese harmoniese akkoordbasis

**Enige 3**

(3)

10.4.2 Miles Davis was 'n belangrike musikant van hierdie jazz-styl. Watter instrument het hy hoofsaaklik gespeel?

Trompet

(1)

**[15]**

**EN**



**VRAAG 11**

Bespreek die belangrikste elemente en stylkenmerke oor EEN van die volgende Suid-Afrikaanse Moderne Style:

- 11.1 Maskanda
- 11.2 Kwaito
- 11.3 Disco
- 11.4 Malombo music
- 11.5 Bubble gum

**11.1 Maskanda**

- Is afkomstig van die Afrikaanse woord 'musikant' en word met Zoeloe volksmusiek geassosieer
- Maskanda-musiek bestaan uit 'n lied wat gaan oor die lewenservaring van die sanger, gewoonlik 'n man wat sing oor sy lewenservaringe, daaglikse plesier, hartseer, ens.
- Die mense dans, speel tromme, klap hande op verskillende maniere en die danse wat voorgedra word beeld die distrik of area waar die maskanda vandaan kom, uit
- Word geassosieer met kitaar
- Gebruik vinnige gesproke seksies wat bestaan uit Zoeloe lofgedigte 'izibongo'
- Bekend as 'Zoeloe Blues', as gevolg van die sikliese en herhaalde pluk van snare op die kitaar
- 'n Tipiese maskanda-lied begin met 'n boodskap (izihlabo) – "*Dit is wat ek gaan speel, en dit is wie ek is*"

**Enige 5**

(5)

**11.2 Kwaito**

- Is afkomstig van die Afrikaanse woord 'kwaai'
- Staen ook bekend as 'house'-musiek
- Die taalgebruik in Kwaito is *Isicamtho* wat bekend is as 'n Suid-Afrikaanse 'township'-slang
- The music is a mixture of different rhythmic styles, from marabi of the 1920s, kwela of the 1950s, mbaqanga music, bubble gum music of the 80s, and Imibongo (African praise poetry)
- Gebaseer op 'house-musiek' maatslae, maar gebruik 'n stadiger tempo
- Diep baslyne wat dikwels deur manne gesing word
- Gebruik min instrumente
- Lirieke word meer gesing-praat (chant) as gesing of gerap
- Nabootsing van hip-hop en rap word dikwels gebruik
- Geassosieer met musiek wat 'n kulturele boodskap oordra
- Instrumente: sintetiseerder, 'sampler', slagwerk, vokale en 'drum machine' (elektroniese tromme)
- Die lirieke van baie populêre kwaito-liedjies fokus op dans en reflekteer eerder die ingesteldheid om genot te ervaar i.p.v. betrokke te raak by die politieke kwessies van die tyd

**Enige 5**

(5)

### 11.3 Disko

- Is 'n gesofistikeerde dans-geïntereerde rockstyl wat in die middel 1970's ontwikkel het
- Disko ontstaan uit soul, jazz en funk en was in klubs gespeel
- Die basistrom speel op elke pols
- Gebruik elektroniese effekte en orkestrale klanke
- Enkelvoudige vierslagmaat word meestal gebruik as tydmaatteken
- Gebruik sinkopasie
- Tempo wat teen ongeveer 120 maatslae per minuut gespeel word
- Het treffende melodieë
- Vers- en koorstruktuur wat omtrent altyd met 'n inleiding begin
- Maklike dansritmes

**Enige 5**

(5)

### 11.4 Malombo music

- Bekend as 'n musiekgenre wat 'n unieke Suid-Afrikaanse klank en atmosfeer skep van 'stowwerige townships',
- geeste van die voorouers en
- die kontras van die stad se helder neonligte skep,
- soos reflekteer in die elektriese Ghetto kitaarklanke van Mamelodi Township Jazz
- Word onderskei deur die gebruik van onkonvensionele instrumente soos Tabane se unieke kitaartegniek (akoesties/semi-akoesties), Afrika slaginstrumente, penniefluit, blikke, fluitjies, ensovoorts.
- Tabane vermeng tradisionele komposisies en kulturele temas met sy akoestiese klanke

**Enige 5**

(5)

### 11.5 Bubble gum

- Bubblegum het gedurende die 1980's floreer en is deur mbaqanga, Amerikaanse disko en die Soul Brothers met hulle sielvolle pop beïnvloed
- Bubblegum leen idees van 'township'-jive met stempartye verwerk as vraag-en-antwoordpatrone wat dikwels deur klankversterkers geproduseer word
- Gebruik 'township'-dansmusiekritmes
- Het 'n opmaat-klank
- Liedjies het koorgedeeltes wat tipies saamgesing word
- Eenvoudige akkoorde en harmonieë
- Herhaalde 'riffs'
- Maak min van kitaarsolo's gebruik en dikwels van handeklap om slagwerk te beklemtoon
- Lirieke handel dikwels oor liefde en geluk
- Oorvleuelende roep-en-antwoord patrone
- Gebruik elektroniese instrumente

**Enige 5**

(5)

**EN**

**VRAAG 12**

Skryf 'n opstel oor EEN van die volgende Jazz-style:

- 12.1 Vrye en Avant-Garde Jazz
- 12.2 Fusie
- 12.3 Gladde Jazz

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Beskrywing van die genre/styl (4)
- Belangrike kenmerke (4)
- EEN kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk (2)

**12.1 Vrye en Avant-Garde Jazz:****Beskrywing: (Enige 4)**

- Vrye Jazz is omtrent heeltemal spontaan en is nie op reëlmatige vorms en vasgestelde akkoordpatrone gebaseer nie
- Improvisasies volg nie meer 'n voorafbeplande patroon nie
- Avant-Garde Jazz maak gebruik van improvisasie wat oor 'n voorafbeplande struktuur plaasvind
- Hierdie struktuur mag vooraf of gedeeltelik, noot vir noot gekomponeer word
- Expressing the 'voice' of 'sound' of the musician

**Belangrike kenmerke: (Enige 4)**

- Die rol van improvisasie neem toe
- Gespeel deur 'n kleiner groepie musikante
- Behou 'n algemene pols en swing, maar sonder 'n reëlmatige maatslag met gereelde accelerando's en ritardando's
- Gebruik harmoniese strukture waarop die improviseerders 'n solo speel wat op note van die akkoorde gebaseer is
- Diatoniese, gealtereerde dominant- en bluesfrases word ook in die musiek gebruik
- Gebruik 'n verskeidenheid ritmes en tempo's
- Gebruik onkonvensionele klanke op hul instrumente
- Tipiese instrumente: saksofoon, trompet, tromboon, klavier, kitaar, kontrabas en tromme

**EEN kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk:**

- John Coltrane – *Song of Praise*
- Ornette Coleman – *Free Jazz*
- Charles Mingus – *Passions of a Man*

(10)

**12.2 Fusie:****Beskrywing: (Enige 4)**

- Sintese van jazz en rock wat ontwikkel het uit 'n mengsel van funk en R&B-ritmes sowel as
- die klankversterking en elektroniese effekte van rockmusiek
- Word soms "jazz rock" genoem vir musiek voorgedra deur rock-bands van die laat 1960's en 1970's wat jazz-elemente in hulle musiek gebruik het

(10)

- Gebruik idees van jazz, be-bop, vry-jazz, psigedeliese (ekstatiese) rock, funk, blues, rock en 20<sup>ste</sup>-eeuse klassieke musiek
- Kombineer die jazzmusikant se improvisatoriese benadering met rock-ritmes en 'n verskeidenheid van toonkleure

**Belangrike kenmerke: (Enige 4)**

- Komplekse tydmaattekens
- Vertoon tegniese vaardigheid in lang groepimprovisasies wat dikwels deur hout- en koperblasers gespeel word
- Instrumente: akoestiese instrumente, sintetiseerders, elektriese klavierbord, elektriese kitaar, elektriese baskitaar, saksofoon, trompet en tromme
- Akoestiese instrumente word dikwels met elektriese aanhangsels gespeel wat meer speelruimte vir tonale effekte gee
- Gebruik 'n groot slagwerkafdeling wat instrumente van Afrika, Latyns-Amerika of Indië insluit
- Plaas dikwels klem op die groep, eerder as op die individuele sanger of speler

**EEN kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk:**

- Miles Davis – *Bitches Brew*
- Herbie Hancock – *Watermelon man*
- Joe Zawinul – *Birdland*

12.3 **Gladde Jazz:**

**Beskrywing: (Enige 4)**

- Ontstaan in die Verenigde State van Amerika in die vroeë 1970's en ontwikkel tot nou toe
- Kan ook as 'n uitbreiding van Jazz Fusion beskou word, maar waar kontemporêre musiek die volle aandag van luisteraar kry word smooth jazz meestal as agtergrondmusiek gebruik
- Elemente wat bydra tot smooth jazz sluit R&B, funk, rock en popmusiek in

**Belangrike kenmerke: (Enige 4)**

- Word gewoonlik in 'n stadige tempo, van ongeveer 90 tot 106 maatslae per minuut gespeel
- Gebruik geprogrammeerde ritmes of herkenbare patrone met of sonder samplers
- Instrumente wat vir die melodie gebruik word is gewoonlik saksofone of kitaar
- Kunstenaars bespeel hul instrumente op so manier dat die melodieë vinnig herkenbaar is

**EEN kunstenaar met EEN verteenwoordigende werk:**

- George Benson – *God bless the child; Give me the Night*
- Pat Metheny – *Imaginary Day*
- Michael Brecker – *The Mean Time*

(10)

OF

**INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK****VRAAG 13**

- 13.1 Pas die vokale tegniek in KOLOM A met die korrekte beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) in die gegewe ruimte op die vraestel, byvoorbeeld 13.1.5 E.

KOLOM A (VOKALE TEGNIEK)	KOLOM B (BESKRYWING)
13.1.1 Ululasie	A gebruik van woorde om klanke na te boots
13.1.2 Onomatopoëtiese sang	B gebruik van klanke wat ander idees of instrumente verteenwoordig
13.1.3 Krepitasie	C klanktegniek wat dikwels met 'n sangerige wysie en 'mouth drumming' gebruik word
13.1.4 Fonestetika	D 'n lang golfagtige hoë vokale klank met 'n trillende kwaliteit

**ANTWOORDE:**

13.1.1 D  
13.1.2 A  
13.1.3 C  
13.1.4 B

(4)

**13.2 Tshikona- en Tshigombela-danse**

Gee TWEE ooreenkomste en TWEE verskille tussen hierdie twee danse.

**Ooreenkomste:**

- Albei danse word deur die VhaVenda-gemeenskap gedans
- Albei danse is feestelike danse wat gedurende sosiale byeenkomste en seremonies opgevoer word

**Verskille:**

- Tshikona word deur die mans gedans
- Tshigombela word deur die vrouens gedans

(4)

**13.3 Gee 'n gepaste definisie vir die term *Taboo*.**

- Om iets as heilig en verbode te verklaar
- 'n Verbanning veroorsaak deur sosiale persoonlikheid of emosionele weersin

(2)

13.4 Beskryf hoe die Zoeloe Indlamu-dans opgevoer word.

- Die mans gaan eerste op die dansvloer en sing 'n voorbereidingslied, 'isaga'
- Hulle sit gewoonlik op hul knieë in 'n sirkel voordat hulle op die grond sit en begin dan die "isaga" sing
- Dan volg die volkslied (*ihubo*) as hoof begeleidende danslied
- Die dansleier kom na vore uit een van die twee rye en gee 'n aanduiding wanneer die eerste dans roetine moet begin deur hul voete op die vloer te stamp
- Die dansers sal soms hulself op die vloer gooi of hul stokke gebruik om die finale beweging aan te dui
- Die geleidelike stamp van voete op die grond is een van die mees kenmerkende eienskappe van hierdie dans
- Dit word ook gekenmerk deur die manier waarop die manne hul skulde in hul linkerhand vashou en stokke of spiese in hul regterhand

**Enige 5 feite**

(5)

EN

#### VRAAG 14

In inheemse gemeenskappe word musiekinstrumente meestal deur 'n solis bespeel en word gebruik as 'n vorm van persoonlike uitdrukking. Die Uhadi-instrument is 'n voorbeeld hiervan. Skryf 'n paragraaf waarin jy die voordrag metode van die Uhadi-instrument bespreek.

- Word hoofsaaklik deur die vrouens bespeel
- Die Uhadi word voor die speler **vasgehou met die een hand** terwyl die ander hand **die snaar met 'n gras of stokkie** (umcinga) **tik**
- Die speler **druk teen die snaar** met een vinger, of los dit oop, om sodoende **twee note te verkry** wat 'n heeltoon uit mekaar is
- Terwyl die Uhadi bespeel word **beweeg die speler die smal opening** van die kalbas weg en nader om **botone te skep** terwyl die snaar getik word
- Die speler is verantwoordelik vir die melodie en sing soms die hoofdeel van die lied

**Enige 5 feite**

(5)

[5]

EN

**VRAAG 15**

Skryf 'n opstel oor die bydrae wat elk van die volgende TWEE Inheemse Afrika-Musiekkundiges tot Afrika-musiek gelewer het:

15.1 Mama Madosini

15.2 Princess Magogo

15.1 **Mama Madosini:**

- Sy maak gebruik van antieke Afrika tradisionele progressies wat bestaan uit twee akkoorde, 'n heeltoon uit mekaar
- Wek gevoelens en idees van 'n geskiedkundige leefstyl
- Begelei haarself op die uhadi, isitolotolo en umrhubhe
- Sy sing in Xhosa
- Sy maak ook gebruik van botone
- Melodieë word gebaseer op 'n toonleer soortgelyk aan die Lidiese modus

**Enige 5 feite**

(5)

15.2 **Princess Magogo:**

- Komponeer Zoeloe klassieke musiek
- Bekend vir haar uitstekende vermoë op die *isighubu*- en *isithontolo*-boog te speel
- Sy het 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van tradisionele musiek
- Sy het ook 'n merkwaardige rol gespeel in die bewaring van tradisionele musiek
- Sy was 'n lofsanger (*imbongi*)
- Haar werke bestaan grotendeels uit bestaande Zoeloe-liedere en volksverhale
- Sy brei haar werke uit deur musiek te begelei deur die *ugubhu*-boog
- Sy voorsien 'n verbintenis aan die Zoeloe-kultuur erfenis

**Enige 5 feite**

(5)

[10]

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D**

Kandidate wat in WESTERSE KUNSMUSIEK spesialiseer, moet VRAAG 17 EN VRAAG 18 beantwoord.

Kandidate wat in JAZZ spesialiseer moet VRAAG 16 EN VRAAG 18 beantwoord.

Kandidate wat in INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK spesialiseer moet VRAAG 16 EN VRAAG 17 beantwoord.

**VRAAG 16: OORSIG VAN WESTERSE KUNSMUSIEK**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (16.1–16.5) in die gegewe ruimte hieronder.

16.1 Die fuga is 'n homofoniese komposisie, gebaseer op 'n enkele onderwerp.

16.2 'n Strykkwartet bestaan uit vier spelers: 2 viole, 1 altviool en 1 tjello.

16.3 Beethoven was 'n komponis uit die Barokperiode.

16.4 'n Concerto is 'n komposisie vir instrumentale solis en orkes.

16.5 'n Kunslied maak gebruik van klavierbegeleiding.

**ANTWOORDE:**

16.1 Onwaar

16.2 Waar

16.3 Onwaar

16.4 Waar

16.5 Waar

[5]



**VRAAG 17: OORSIG VAN JAZZ**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (17.1–17.5) in die gegewe ruimte hieronder.

- 17.1 Blue-note staan ook as verbuigde toonhoogte note bekend.
- 17.2 Ragtime is klaviermusiek gewoonlik in drieslagmaat.
- 17.3 Stride-klaviermusiek maak meer staat op improvisasie eerder as gekomponeerde musiek.
- 17.4 'n Twaalf-maat blues akkoordprogressie sal hoofsaaklik akkoorde met 7<sup>des</sup> gebruik.
- 17.5 Lopende bas (Walking bass) is 'n styl van bas speel wat met die swing- en New Orleans-styl geassosieer word.

**ANTWOORDE:**

- |      |        |
|------|--------|
| 17.1 | Waar   |
| 17.2 | Onwaar |
| 17.3 | Waar   |
| 17.4 | Waar   |
| 17.5 | Onwaar |

**[5]**

**VRAAG 18: OORSIG VAN INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die korrekte antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (18.1–18.5) in die gegewe ruimte hieronder.

- 18.1 Poliritme is nie 'n prominente kenmerk van Afrika-musiek nie.
- 18.2 Afrika-musiek is siklies van aard met verskeie intredes van stemme.
- 18.3 Die ritmes van Marabi-musiek skep 'n verdowende ('trance') gevoel.
- 18.4 *Indlamu* is 'n tipiese Xhosa dansstyl wat deur die mans gedans word.
- 18.5 Musiek word nie neergeskryf nie en word dus mondelings van geslag tot geslag geleer.

**ANTWOORDE:**

18.1	Onwaar
18.2	Waar
18.3	Waar
18.4	Onwaar
18.5	Waar

[5]

**TOTAAL AFDELING D: 10**  
**GROOTTOTAAL: 120**